VYF UITDAGINGS WAT ONS TOEKOMS GAAN BEÏNVLOED

DIE SENTRUM VIR PUBLIEKE GETUIENIS

JUNIE 2019

AGTERGROND

By die Sentrum vir Publieke Getuienis is ons deeglik bewus van ’n magdom uitdagings waaroor Suid-Afrikaners tans bekommerd is. Die uitdagings wissel van gemeenskap tot gemeenskap en ook in terme van die aard en die omvang daarvan. Die afgelope maande was die Sentrum in dialooggesprekke regoor die land betrokke en algaande het daar vir ons ’n prentjie uitgekristalliseer van wat wesenlike uitdagings sou kon wees wat ons toekoms daadwerklik gaan beïnvloed.

In feitlik al die dorpe is daar bekommernis uitgespreek oor ons jeug, gesinne, misdaad, geweld en dwelms. Hieroor kan niemand stry nie. Ons is egter van mening dat hierdie uitdagings in ’n mindere of meerdere mate simptome is van *vyf dieperliggende uitdagings* wat ons in die volgende paragrawe wil toelig. Die struktuur wat gevolg gaan word is soos volg:

- Agtergrond: Waaroor gaan dit?
- Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?
- Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra tot die oplossing?
- ’n Teks om oor na te dink.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat daar vir uitdagings van hierdie omvang geen kitsoplossings bestaan nie. Dit geld veral wanneer ons as individue of gemeentes betrokke raak. Ons word nie geroep om die wêreld te verander nie, maar wel tot gehoorsaamheid en getrouheid. Ons bring gewoon dit na die tafel toe wat die Vader reeds vir ons gegee het.

Indien daar enige navrae is kan u gerus ons kantoor kontak by spg@kaapkerk.co.za of 021-957 7202. Groot dank aan Nico Simpson vir die sketse wat hy vir ons gemaak het.

In Sy diens.

Braam Hanekom
Junie 2019



1. MIGRASIE EN BEHUISING

"Demography is destiny"
– August Comte

Agtergrond: Waaroor gaan dit?

Van die kleinste dorpie tot die grootste stad sien ons dat informele nedersettings soos paddastoele opskiet. Sommige hiervan skep haglike sosiaal-maatskaplike omstandighede waarin daar enersyds 'n vorm van ontmensliking plaasvind. Terselfdertyd sien ons die groei van onstabiele gemeenskappe en verhoogde kriminaliteit en geweld. Indien hierdie patroon sou voortduur, kan dit dramatiese gevolge hê vir die samelewing waarin ons woon.

Daar word beweer dat die wêreld vir 'n geruime tyd reeds teen meer as 'n miljoen mense per week verstedelik. (Sien Paul Collier: *How migration is changing our world,* 2013). "Verstedelik" is eintlik nie die regte woord nie, omdat mense besig is om te beweeg na enige plek waar daar die geringste aanduiding van ekonomiese aktiwiteit is. Die vrugteplase om Porterville kan so 'n aantrekkingspunt word. Die perlemoen-smokkelbedryf op Hermanus is nog een en 'n moontlike nuwe hawe op Saldanha, nog een. Mense het beide mobiel en deur sosiale media meer ingelig geword. Hulle weet wat aangaan, kommunikeer en beweeg vinnig. Die wêreld is so besig om voor ons oë te verander. Dit gebeur regoor die wêreld in stede soos Parys, Mumbai en Jakarta.

Suid-Afrika is nie uniek in dié verband nie. Daarmee saam is daar ook bepaalde kontekstuele uitdagings wat die situasie selfs meer ingewikkeld maak. Die volgende stellings beskryf na ons mening iets van ons werklikheid:

- In Suid-Afrika is daar is tans *'n lae intensiteit oorlog* oor grond aan die gang.
- Hierdie grond is nie noodwendig landbougrond nie, maar wel *behuisingsgrond.*
- Ons is nie op pad na 'n nuwe Suid-Afrika nie, maar na 'n nuwe *samelewingsorde.*
- Die huidige *behuisingsbeleid* van die regering is onuitvoerbaar, onbekostigbaar, onverdedigbaar en onvolhoubaar.

Dit is belangrik om te verstaan dat migrasie op sigself nie verkeerd is nie. God het immers dikwels in die geskiedenis, wanneer Hy 'n nuwe hoofstuk wou skryf, mense verskuif of laat verhuis. Wat op die oomblik gebeur, is dat *mense op so 'n skaal en teen so 'n tempo migreer* dat die natuurlike proses van assimilasie in 'n ordelike gemeenskap nie kan plaasvind nie. Dit skep onsekerheid in gemeenskappe, die gevoel van bedreiging, angstigheid en dikwels 'n ordelose chaos wat lei tot kriminaliteit. Die fundamentele vraag is hoe dit teengewerk kan word.

Internasionaal word planne gemaak soos migrasiewetgewing, die bou van mure en selfs Brexit. Dit gaan egter nie die proses keer nie.

Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?

Na ons beskeie mening is daar nie 'n enkelvoudige antwoord of oplossing nie. Die volgende uitgangspunte sou in gedagte gehou kon word:

- Daar is talle stemme wat opgaan dat *geboortes* beperk moet word. Hou asb in gedagte dat wetgewing nie die beste manier is om dit te doen nie, maar wel opvoeding en ekonomiese vooruitgang. Daar was 'n tyd in die lewe van die huidige middelklas in Suid-Afrika, waar hul families net so baie kinders gehad het. Nie wetgewing nie, maar opvoeding en ekonomiese vooruitgang het dinge verander.
- Ons soek *alternatiewe behuisingskonsepte*. Hiervoor gaan stemme regoor die wêreld op, ook in ontwikkelde lande soos Duitsland (Sien M Stuchy e.a *A good disruption*, 2016).
- Informele nedersettings gaan nie oornag verdwyn nie (dalk nooit nie). Die vraag is hoe ons hierdie sosiaal-maatskaplike moerasse in *menswaardige omgewings* kan omskep. Navorsing wys dat daar 'n nuwe sindroom bestaan waar mense se smaak- en reukorgane afstomp word. So ook alle gevoel vir selfversorging en hul omgewing. Dit gebeur wanneer mense in sulke haglike omstandigehede moet oorleef. 'n Proses van totale ontmensliking vind plaas. Ons kan nie stede verander nie, maar wel die lewens

van individue binne die omgewing. Met alternatiewe konsepte hoop ons om ’n kritiese massa of “tipping point” te skep wat mense anders oor behuising sal laat dink.

Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra tot die oplossing?

Die eerste wat ons sal moet verstaan, is dat daar in ’n sekere sin ’n **“nuwe normaal”** regoor die wêreld gevestig word. Ons gaan dit nie keer nie. Ons sal daarby moet aanpas en veral probeer poog om die **waardestelsels** wat ’n samelewing regop hou, opnuut te vestig. Kerke kan hier ’n groot rol speel, maar kan dit beslis nie alleen doen nie. Ons sal moet hande vat met ander rolspelers in die gemeenskap.

Stel jou egter voor dat daar op argumentshalwe vier waardes besluit word wat in alle skole, kerke, raadsale en by die ingange van die dorp duidelik sigbaar is. Dit moet ’n verskil maak. Daar is reeds skole wat uitmuntende waardeprogramme in plek het. Dit moet gedupliseer word, maar ook met die breër gemeenskap gesinkroniseer word. Kerke hoef nie die wiel te herontdek nie, maar kan beslis help met die belyning van inisiatiewe.

Verder moet ons verstaan dat ons nie die probleem gaan aanspreek as ons nie **die probleem eerstehands ken** en verstaan nie. Ons sal dus (gereeld) in daardie omstandighede moet besoek aflê. So ’n besoek is gewoon praktiese missionale teologie! Dit is inkarnasie teologie.

Ons moet verstaan dat ons nie die hele probleem kan of moet oplos nie. Ons wil ’n **spreekwoordelike “tipping point” (Malcolm Gladwell) skep.** Ons wil dus ’n klein alternatiewe model neersit wat mense en ander NRO’s op skaal kan navolg. ’n Uitstekende voorbeeld hiervan is die werk wat Quinton Adams (die “Shack Builder”) doen. Hy het ongeveer twintig nuwe menswaardige “shacks” gebou, maar so die aandag van groot media-instellings regoor die land bekom. Baie meer mense wil nou sy voorbeeld volg. Die uitdaging is dus aan een of ander slim ingenieur, argitek of selfs net ’n praktiese lidmaat om ’n modulêre eenheid te ontwerp wat ons op skaal kan neersit. Dit moet goedkoop, warm (koel in die somer) en droog en brandbestand wees. Dit hoef nie water en ’n toilet te hê nie (dit kom later).

Gemeentes het ook die volste reg om druk op die **plaaslike owerhede** te plaas sodat daar ’n verantwoordelike plan op die tafel is. Ons praat hier van die Ruimtelike Ontwikkeling Plan (ROF) en/of die “Integrated Development Plan” (IDP). Dring aan om dit te sien en lê dit aan kundiges voor om toe te sien dat dit beide menswaardig, verantwoordelik en volhoubaar is.

Die heel belangrikste wat gemeentes kan doen is waarskynlik om **met geestelike leiers en gemeentes in die nuwe gemeenskappe kontak te maak en verhoudinge te bou**. Wat ons moet verstaan is dat God ons voorgaan in ons missionale arbeid, ook in hierdie nuwe werklikhede. God is reeds daar en ons moet Hom ook daar gaan ontmoet. Ons kan weet dat ons met min mag, maar wel met ’n sekere gesag hierdie gebied betree. Laat ons dit nooit in

meerderwaardigheid doen nie, maar in nederige afhanklikheid, in die wete dat God ons ook in die proses wil toerus, verras en seën.

’n Teks om oor na te dink: Jesaja 58:6-12

Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek?
Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses ‘n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?
Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom.
Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie, as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag.
Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos ’n tuin met volop water, soos ’n fontein waarvan die water nie opdroog nie.
Jou mense sal die ou puinhope herbou, die fondamente herstel wat al geslagte lank bestaan. Jy sal bekend staan as ’n volk wat sy afgebreekte mure herbou, wat sy strate herstel sodat daar weer mense kan woon.



2. SOSIALE KOHESIE

"Without social cohesion, the human race wouldn't be here: We're not formidable enough to survive without the tactics, rules and strategies that allow people to work together."
- Peter Guber

Agtergrond: Waaroor gaan dit?

Suid-Afrika is tans 'n land waar verdeeldheid, bitterheid en konflik groei. Ons is nie op 'n goeie plek nie. Navorsing regoor die wêreld het tot 'n eenvoudige gevolgtrekking gekom in terme van sosiale kohesie. Konflik en gebrekkige kohesie maak dat mense verarm en versnel gebrokenheid in samelewings op meer as een vlak. As kerk leef ons met 'n roeping om dit aan te spreek. Deur niks te doen nie, kan ons ons toekoms deurslaggewend negatief beïnvloed.

Robert Putnam het uitgebreide navorsing gedoen oor waarom die noordelike dele van Italië meer welvarend as dié in die suide is. Die sogenoemde *mezzogiorno* gaan gebuk onder korrupsie, geweld (mafia) en instellings wat faal. Sy bevinding was eenvoudig: gebrek aan sosiale kapitaal of vertroue; dit wat ons aan mekaar bind. (Sien JP Landman, *A Long View*, 2013). In hierdie hoofstuk beskryf ons dit as sosiale kohesie. Lae sosiale kohesie val nie sommer uit die lug nie. Bepalende faktore werk daaraan mee. Kom ons kyk na die volgende:

- *Negatiewe narratiewe en persepsies* wat verskillende groepe oor mekaar in stand hou.
- Die *pyn van vorige ervarings* moet nie gering geskat word nie. Alhoewel dit oor tyd kan versag, is dit naïef om te dink dat dit vinnig moet oorwaai. Dit sou kon geld vir iets soos die Anglo-Boereoorlog ervarings en apartheid. Suid-Afrika is in baie opsigte ’n getraumatiseerde land. Ons lewe egter nie net met post-traumatiese stres nie. Mense praat al meer van voortgaande traumatiese stres (misdaad, geweld ens.) wat ons interpersoonlike verhoudinge sleg beïnvloed.
- *Konflik kan op die ou end ’n patroon in ‘n samelewing* word en geweld deel van mense se “normale” gedrag. In Suid-Afrika het geweld krisisafmetings bereik. Dit is tans besig om versoeningsinisiatiewe wat na 1994 goeie vordering gemaak het, te erodeer.
- In sommige samelewings is daar *strukturele verdelings* wat veral te make kan hê met ekonomiese ongelykheid en sosiale klasse wat dienooreenkomstig ontstaan. In so ’n samelewing is sosiale kohesie altyd moeilik.
- *Rassisme en etniese beheptheid* is gif vir enige samelewing. Terwyl rassisme in Suid-Afrika dikwels in die nuus is, wys die geskiedenis dat dit veral etniese konflik is wat groot verwoesting kan saai.

Dit alles lei veral tot die afbreek van VERTROUE en die groei van agterdog tussen mense. Angs is ’n verdere gevolg van onsekerheid. Maar dit is veral die gebrek aan vertroue wat weer lei tot stadige ekonomiese groei. Dit voed dan opnuut die bose kringloop waarin samelewings vasgevang word.

In Suid-Afrika is dit duidelik dat die opwinding van aanvanklike versoening verby is en dat ’n seisoen van swak leierskap ons ingehaal het. Onafgehandelde regstellende geregtigheid (restitusie) spook by ons. Die situasie word goed deur Hino en Leibrandt saamgevat as hulle in ’n onlangse voorlegging by die Duke Universiteit in die VSA, Suid-Afrika se lae sosiale kohesie toeskryf aan: lae vetroue, ongelykheid en identiteitskwessies soos rassisme. (https://today.duke.edu/2019/04/scholars-inequality-remains-post-apartheid-south-africa)

Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?

Die Waarheids-en Versoeningskommissie in SA is nie uniek nie en is een van ongeveer 47 sulke kommissies wat die afgelope dekades in lande regoor die wêreld gevestig is. Die suksesse van hierdie kommissies varieer. Daar is egter lande soos Duitsland en Rwanda waar merkwaardige versoening plaasgevind het. Van die belangrike elemente van versoening is die volgende:

- ’n Insig in jou eie aandeel in die konflik (dit geld vir beide partye).
- Die afbreek van vooropgestelde persepsies en narratiewe oor ander.
- Die aanbied van ’n apologie én herstellende aksies.
- Geïnstitusionaliseerde prosesse wat keer dat die foute van die verlede nie herhaal word en ou wonde weer oopgekrap word nie.

- Nuwe waardes, gesindhede en verbintenisse.
- ’n Gedeelde fokus en/of roeping. (’n Gesamentlike nuwe vyand help ook soms.)
- Tyd sonder nuwe konflik wat dan heling bring.
- Dit vra egter harde werk en opoffering en gebeur nie vanself nie. Leierskap moet hier die weg wys.

Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra tot die oplossing?

Die kerk kan nie van politici dinge verwag wat hulle nie self kans sien om uit te leef nie! Daarom is dit so belangrik dat plaaslike gemeentes die weg sal wys. Ware versoening vra egter veel meer as ’n gesamentlike erediens of nagmaal.

Dit vra **eerlike en in-diepte dialoog** oor die stand van verhoudinge op die dorp. Dit vra gesprek oor moontlike gedeelde waardes wat saam verkondig en gevestig kan word. Dit vra gesamentlike gesprek oor die uitdagings op die dorp en watter een of twee aksiestappe nou saam geloods kan word. Ons is oortuig daarvan dat indien sulke gesprekke tussen, bv. kerkrade van die NG Kerk en die VGK (ander denominasies kan ook deelneem) in 100 of meer dorpe in ons land sou plaasvind, dit ’n reuse-impak op ons sosiale kohesie sou hê. Dit gaan egter leierskap vra (nie noodwendig net predikante nie) wat die belangrikheid hiervan verstaan en sulke gesprekke maak werk.

Verder is dit so dat dit nie net groepe is wat moet versoen nie, maar veral ook individue. Daarom is dit so belangrik dat **persoonlike vriendskappe** oor al die breuklyne in die gemeenskappe gesluit moet word. Dit kan kerklike, politiese, rasse, klasse, en ideologiese breuklyne insluit. Die punt is dat jy jouself daartoe moet verbind en ’n daadwerklike poging aanwend om hierdie vriendskappe te vestig.

Intussen sal die kerk moet verstaan dat iets soos **kerkeenheid** nie maar net een of ander polities korrekte opsie en luukse is nie. Dit kan ’n groot deel van ons voortbestaan bepaal. Mag die Here ons hierin regtig lei en met nuwe moed en oortuiging vul. In ’n vasgeloopte situasie sal dit weereens individue en plaaslike gemeentes moet wees wat hul stemme laat hoor en die weg wys.

’n Teks om oor na te dink: Markus 3:24-26

En as ’n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; en as ’n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie; en as die Satan teen homself opstaan en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar hy kom tot ’n einde.



3. VAARDIGHEDE

"The idea of Juilliard was that it would give you this toolbox full of skills that you could take with you and apply to anything."
- Robin Williams

Agtergrond: Waaroor gaan dit?

Ons uitdaging is lank nie meer net beter onderwys nie, maar veral die oordrag van relevante vaardighede wat mense toegang tot 'n nuwe ekonomie sal gee. Terwyl ons werkloosheidsyfer die hoogte inskiet en almal oor onderwys en werkskepping praat, glo ons dat ons die proses nie sal omkeer voor ons mense oor die relevante vaardighede beskik om 'n bydrae te lewer tot die groter ekonomie nie.

Die Suid-Afrikaanse onderwyskrisis is al tot vervelens toe uitgelig en gedokumenteer. Konferensies word hieroor gehou, miljarde rande word spandeer, "beter" matriekuitslae word met groot fanfare aangekondig en steeds kry 'n mens die gevoel dat ons nie naastenby geposisioneer is om die uitdagings van 'n moderne samelewing en 'n nuwe ekonomie (vierde industriële revolusie) deur ons opvoedingstelsel aan te spreek nie. Veral die volgende vrae word gevra:

- Van watter nut is 'n matrieksertifikaat, veral gegewe die standaard daarvan, binne 'n nuwe ekonomie?
- Waarom is ons basiese geletterdheid en wiskundige vaardighede so onsettend laag? Dit is van die laagste in die wêreld. Dan wonder ons hoekom ons werkloosheidsyfer so hoog is.
- Waarom is daar so 'n swak onderwyskultuur in ons land? Waar het ons onderwysers se passie en etos verlore gegaan? Daar is natuurlik uitsonderings.

- Hoe gemaak met die morele verval wat in ons opvoedkundige instellings plaasgevind het?

Hierdie is maar enkele van die vrae wat gevra word. Die kern van die saak is egter dat ons opvoedkundige stelsel in geheel nie behoorlik gerat en geposisioneer is om ons uitdagings aan te spreek nie.

Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?

Dit is so dat ongelykheid en agterstande ’n rol speel in ons uitkomste, maar kan nie as die enigste rede vir ons krisis aangevoer word nie. Net die feit dat daar twee skole feitlik langs mekaar in ’n *township* is, waarvan een feitlik ’n 100% slaagsyfer het en die ander ’n 100% druipsyfer, moet alreeds die bewys wees dat hier meer faktore ’n rol speel. Soos soveel van ons uitdagings is ook ons onderwys ’n komplekse uitdaging waarop daar nie eenvoudige en enkelvoudige antwoorde beskikbaar is nie. Die volgende uitgangspunte behoort egter in ag geneem te word:

- *Ons soek nie net skole nie, ons soek goeie skole waar die totale vorming van die leerder plaasvind*. Die wêreld verander so vining dat die feitelike kennis wat jy vandag opdoen, môre in elk geval relatiewe waarde sal hê. Ons leerders het veral drie vaardighede nodig:
  Taal en wiskundigevaardighede.
  Lewensvaardighede wat morelevorming insluit.
  Die vaardigheid om te kan dink en self planne te kan maak.
- *Wiskunde* is nie net vir wetenskaplikes bedoel nie. Elkeen van ons wat byvoorbeeld in ’n supermark instap, behoort ’n intuïtiewe ingeboude rekenaartjie te hê wat dadelik basiese begrotingsbeheer begin toepas. Jy moet weet hoeveel jy min of meer in jou sak het en hoeveel jy in jou mandjie het. Dit geld ook vir jou breër begroting. Skuld het een van ons grootste krisse geword, op elke vlak van die samelewing. Dit begin in die wiskundeklas, of liewer by die gebrek aan ’n basiese wiskundige geletterdheid.
- *Tegniese vaardighede* sal ’n baie groter prioriteit moet word. Hoofstroom akademiese opleiding, ook op universiteitsvlak, is nie vir almal beskore nie. Die ontwikkelde wêreld verstaan dit. Suid-Afrika moet dit nog na behore leer verstaan. In Suid-Afrika is daar te veel jongmense op universiteit wat nie daar moet wees nie. Dit kos die staat geweldig baie, terwyl die uiteindelike bydrae tot die ekonomie nie genoegsaam is nie.
- Die staat is nie meer in staat (soos die geval van behuising) om in al die onderwysbehoeftes te voorsien nie. Reuse-agterstande het ontstaan. *Vennootskappe* sal gesluit moet word tussen die burgerlike samelewing (wat besigheid en die kerk kan insluit). Hierdie modelle bestaan reeds.
- *Vroeëkindontwikkeling* bly een van die belangrikste boustene waarop ons hele stelsel rus.

Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra tot die oplossing?

Die afgelope tyd is die vraag meermale gevra of die feit dat die kerk na 1994 al minder by die onderwys betrokke is, ’n goeie ding is. Die onlangse hofsaak oor godsdiens in skole het die saak ook nie juis gehelp nie. In talle gesprekke waarby ons as Sentrum die afgelope tyd betrokke was, is die stemme meermale gehoor dat die kerk om verskeie redes weer ’n weg sal moet terugvind na die opvoeding en onderwys van ons kinders.

Natuurlik kan dit nie meer gedoen word soos in die tyd van christelik nasionale onderrig nie. ***Die vraag is nou nie meer hoe ons ons spesifieke dogma aan die kinders in skole gaan oordra nie, maar hoe ons skole beter kan ondersteun as deel van ons getuienistaak.***

Die ondersteuning kan op baie vlakke plaasvind. *Partners for Possibility* is reeds by meer as 1000 **skoolhoofde** regoor die land betrokke en die idee is om besighede aan skoolhoofde te koppel sodat leierskapsvaardighede verhoog kan word, en mentorskap en algemene ondersteuning kan plaasvind. Individue, besighede en gemeentes kan hier betrokke raak. Google hulle gerus. As jy ’n skool daadwerklik wil help, help die skoolhoof!

Die blote **pastorale ondersteuning van jou plaaslike skool se onderwysers** behoort ook hoog op ons program te wees en spesifieke aksies behoort op ’n gereelde grondslag hiervoor beplan te word.

Onlangs het een van die eerste sogenaamde **“collaboration” skole** (waar die staat en privaatinisiatief hande gevat het om ‘n merkwaardige tegniese skool op te rig) op Bonnievale die lig gesien. Terwyl die staat die salarisrekening en ’n groot deel van die geboue betaal, samel die gemeenskap die res in en is grootliks vir die bestuur van die skool verantwoordelik. Juis hier word ’n groot verandering bewerkstellig omdat ons sien dat in soveel disfunksionele skole dit juis die afwesigheid van ouers en die gemeenskap is wat die skool die nekslag toedien. Hier is nou ’n formele kanaal geskep waar gemeenskappe en kerke daadwerklik betrokke kan raak.

Oor **vroeëkindontwikkeling** hoef ons niks meer te sê nie. Ons aanvaar dat die konsep en belangrikheid van hierdie saak goed in ons midde gevestig is. Graag herinner ons net weer aan die moontlikhede wat juis deur Diaconia se *Little Seeds* en ons sinodale strukture bestaan om hierby betrokke te raak.

Ook die **Hoop en Versoening Trust** is ’n geleentheid wat ons geskep het vir individue en instansies om finansieel by vroeëkindontwikkeling en landelike ontwikkeling betrokke te raak. Ons is as ‘n Publieke Voordeel Organisasie (PBO) geregistreer wat beteken dat jy ’n Artikel 18A-sertifikaat vir belastingaftrekking kan ontvang sou jy ’n skenking maak. Kontak gerus ons kantoor in hierdie verband.

’n Teks om oor na te dink: Mattheus 18:2-6

Toe roep Jesus ‘n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemelei ngaan nie!

Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ‘n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.

3. ONS KLIMAAT EN OMGEWING

"Ons het nie 'n planeet B nie."
- Anoniem

Agtergrond: Waaroor gaan dit?

Van al die uitdagings wat ons sou nalaat om behoorlik aan aandag te gee, is ons omgewing waarskynlik die een wat die grootste op ons kinders en kleinkinders kan impakteer. Dit is dié een waarvoor hulle ons die meeste sal verwyt as ons nie behoorlik hieraan aandag gee nie. Dit gaan nie net die mense se welsyn raak nie, maar veroorsaak reeds die uitwissing van talle spesies op die planeet. Die uiteindelike uitwissings van die mens is nie 'n onmoontlikheid nie.

Tydens ons streeksinode van Mei 2019 is daar twee volledige sessies aan die saak afgestaan. Regoor die wêreld gaan stemme op wat waarsku dat ons in die moeilikheid is en ons sien ook nou dat dit veral die kinders en jongmense is wat 'n aktivistiese rol begin speel.

Hierdie is nie die plek om die aard en die omvang van die uitdaging te dokumenteer nie. Dit is al meermale gedoen en inligting hieroor is oral beskikbaar. Heel konkreet sien ons in ons onmiddellike omgewing die verhoogde voorkoms van *brande, droogtes en waterkrisisse.* Dit hou direk verband met hierdie uitdaging, maar is nie die enigste sigbare gevolge van 'n roekelose omgang met die omgewing nie. Ernstige besoedeling, die uitputting van (skaars) bronne, die mutasie van virusse, die uitsterf van diere- en plantespesies en uiteindelike voedseltekorte is ook op die lys. Langdurige verhitting van die planeet kan dit op die ou end onbewoonbaar maak. Sekere dele is feitlik reeds onbewoonbaar. Graag wil ons egter na 'n paar spesifieke uitdagings rondom dié kwessie kyk. Ons lys net die volgende:

1. Hoe keer ons dat die stroom van inligting mense nie *ontmagtig* om iets te doen nie? Mense sou kon redeneer dat die probleem reeds so groot is dat my klein bydraetjie nie meer ’n verskil kan maak nie. Ander redeneer weer dat hulle nie die probleem geskep het nie en daarom ook nie hoef op te los nie. Mense se lewens is verder binne groter patrone en sisteme van verbruik vasgevang sodat dit duur en moeilik vir vir baie mense, veral armes, is om daaruit los te breek.
2. Hoe keer ons dat ons nie net by praat, verslae, konferensies en sinodesittings bly nie? Hoe gaan ons oor tot *konkrete aksies* wat op die langtermyn ’n verskil kan maak?
3. Hoe kan die kerk haar stem rondom die saak herwin en saam met ander die nodige sinergie skep sodat haar *profetiese stem* na behore gehoor word?
4. Ons verstaan dat ’n nuwe omgang met die omgewing waarskynlik vir ’n *nuwe ekonomiese en samelewingsorde* sal vra. Ons stuur in elk geval op ’n nuwe orde af. Die vraag is net of dit ’n positiewe of ‘n negatiewe orde gaan wees?

Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?

Die oplossing vir ons ekologiese krisis lê op ’n paar vlakke.

Daar sal die *politieke wil* op nasionale en internaionale vlak moet wees om dapper besluite te neem. Iemand soos president Donald Trump stel glad nie hierin belang nie (hy glo klimaatsverandering is “fake news”). Iemand soos president Macron van Frankryk het sy rieme in sy eie land styfgeloop toe hy ’n nuwe beleid wou deurvoer. In SA sit ons in ’n knyptang tussen wat die regte ding vir die langtermyn is, teenoor die regte dinge vir arme werklose mense op die oomblik. Dit is een van die redes hoekom steenkoolkragstasies nog so hoog op die agenda is. Op die ou end sal *beleid* moet verander. Ons tyd is besig om vinnig uit te loop. Ons manier van dink oor die *ekonomie* sal moet verander. In dié verband verwys ons graag na die belangrike werk van Martin Stutchy e.a in *A good disruption (2016).*

Die kern van die teorie kom daarop neer dat ons vir baie lank met ’n ekonomiese model gewerk het wat basies *grondstowwe onttrek* en dan verwerk het. Dit het ’n hoogtepunt tydens die industriële revolusie bereik en is verder verfyn in die tegnologiese revolusie. Hoe meer grondstowwe verwerk is, hoe vinniger kon die ekonomie groei en hoe meer mense kon daarby baat vind. Hierdie model is egter net nie meer volhoubaar nie. Dit kon miskien nog gewerk het toe ons twee of drie miljard mense op die planeet was, maar kan beslis nie vir sewe miljard mense werk nie. Ons is dus op soek na nuwe ekonomiese modelle en strukture wat volhoubare ekonomiese groei en welvaart vir meer mense kan voorsien sonder om die planeet in die proses te verwoes. Nuwe energie, nuwe modelle vir herwinning en hergebruik, maar veral ook nuwe sisteme wat ons huidige patrone van vervoer, behuising en voedselvoorsiening optimaliseer, sal bedink moet word.

Weereens is die boodskap duidelik. As ons sinvol wil oorleef sal ons moet aanvaar dat ons *op pad is na 'n nuwe samelewingsorde.* Dit hoef egter nie 'n bedreiging te wees nie. Dit kan vir meer mense 'n sinvolle en beter lewe inhou.

Ons eie lewenstyl sal moet verander. Daar is klein aksies wat ons kan doen om wel 'n verskil te maak.

Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra tot die oplossing?

Wanneer ons oor die ekologie begin dink, is dit baie belangrik om te verstaan wat ons bydrae kan wees en veral hoe ons oor die situasie behoort te dink.

Nie een van ons kan die wêreld red nie, maar wat ons wel kan doen is om in die regte verhouding met God, ons naaste en die skepping te staan. Dit gaan met ander woorde nie in die eerste plek oor ons "reddingspogings" nie, maar oor '**n lewensingesteldheid en 'n manier van lewe voor God.**

Die oomblik wanneer ons dit besef, raak dit makliker om konkreet oor aksies te dink. Ons lys sommer net die volgende

- **Hersirkulering en hergebruik** van organiese en anorganiese produkte, plastiek, glas en papier is nie meer 'n opsie nie. Dit behoort deel van ons alledaagse lewe te word. Met die waterkrisis in die Kaap het ons onder meer met watertenke, die hergebruik van gryswater en 'n nuwe spaarsamigheid, nuwe gewoontes aangeleer. Ons kort nog sulke nuwe gewoontes.
- Die gooi van organiese materiaal op 'n komposhoop skep wonderlike geleenthede om jou **eie groente te plant** en so opnuut bewus te word van die feit dat ons kos nie in die eerste plek uit supermakte kom nie. Om jou eie groente te kweek skep 'n nuwe en andersoortige spiritualiteit
- Ons kan **bome plant**. Dit is so maklik om avokadopeerbome te kweek van die pitte wat ons weggooi.
- Ons sal moet kyk na die wyses waarop ons **reis.** Ry fiets en ry saam. Vlieg minder.
- Ons sal na ons **huise** moet kyk. Huise kan met min moeite meer eko-vriendelik gemaak word.
- Ons kan 'n positiewe voorbeeld stel oor rommelstrooi en soos in Rwanda **skoonmaakaksies** ondersteun of self loods. 'n Skoon omgewing verander die psige van mense ten goede.
- Ons kan **spekbome** kweek en plant.
- Ons kan ophou om **plastieksakke en -strooitjies** te gebruik.
- Moenie produkte koop wat duur en oorbodige **verpakkingsmateriaal** gebruik nie.

Wie nie sensitief met die omgewing kan omgaan nie, sal na alle waarskynlikheid ook nie sensitief met ander en met God omgaan nie. Ons diskonneksie met ons omgewing kan ook lei na ’n diskonneksie met mekaar en God. Ons moet dus nie hierdie uitdaging net as ’n krisis sien nie, maar ook as ’n geleentheid wat ons sou kon help om momentum in ons verhoudingslewe te herstel. Terselfdertyd moet ons weet dat ons óf ’n “groen” toekoms binnegaan óf geen toekoms gaan hê nie.

’n Teks om oor na te dink: Ps 24

Die aarde en alles wat daarop is…. Alles behoort aan die Here.



5. GELOOF

"Faith is a living, daring confidence in God's grace, so sure and certain that a man could stake his life on it a thousand times."
- Martin Luther

Agtergrond: Waaroor gaan dit?

Geloof was nooit bedoel om in verslae, agendas, boeke en biblioteke vasgevang te word nie. Geloof is iets lewend wat geleef moet word. Geloof gaan oor verhoudings met God en mekaar en die dinamiese verandering wat dit in jou eie lewe en die wêreld teweeg bring. Terwyl daar mense is wat sê dat ons tans 'n geloofskrisis beleef, kan geloof egter juis die weg word wat ons bogenoemde uitdagings anders sal laat hanteer. Dit kan hoop ontsluit wat ons uit die doodloopstraat haal.

Dit wat ons met die woordjie "geregtigheid" vertaal, word in Engels opvallend met twee woorde vertaal/beskryf, naamlik "justice" en "righteousness". Die implikasie hiervan is vanselfsprekend. *Net so belangrik soos die reg is, ook vir die herstel en heelmaking van ons wêreld, net so belangrik is dit om in die regte verhouding met God te staan.*

Geloof kan stagneer en in vorms vasgevang word. Daarvandaan die term "vormgodsdiens". Dan verloor geloof sy krag. Dit raak leweloos, smaakloos en vervelig. Op die ou end word dit verwerp en verdwyn dit uit 'n samelewing.

Ons is van mening dat daar veral twee belangrike punte is wat ons hier moet raaksien. *Eerstens is bogenoemde vier uitdagings so groot dat dit menslik gesproke eintlik onoplosbaar is.* Ons glo ook dat daar 'n bo-natuurlike dimensie daarin aanwesig is. Ons stryd is inderdaad nie teen vlees en bloed nie (Efesiërs 6). Die bose is 'n werklikheid wat negatief op die

mensdom en aarde impakteer en nie net die mens wil vernietig nie, maar ook die hele skepping. Alleen ’n lewende geloof wat waarlik in God geanker is sou ons kon help om ons uitdagings na behore aan te spreek. Geloof is dus streng gesproke nie ons vyfde “uitdaging” nie, maar eintlik ’n geleentheid, uitkoms en oplossing vir die eerste vier uitdagings. Dit kan egter ook ons verleentheid word wanneer die aard en kwaliteit van ons geloof kwyn (2 Tim. 3:5).

Tweedens sien ons dan dat, terwyl geloof ons geleentheid is, daar tans ’n sekularisering van die samelewing plaasvind, sowel as ’n *vervlakking van geloof.* Dit het nie gister begin gebeur nie. Terwyl baie mense nog glo, het die inhoud van hul geloof oneindig vaag geword. Terwyl baie nog “glo” is ons nie aldag meer seker “wat” ons glo nie. Ons is onseker oor ons Christologie, soteriologie, epistomologie, moraliteit en etiek en veel meer.

Die groot vraag vir ons as kerk is wat die *aard en inhoud van ons geloof* in die toekoms gaan wees. Wat gaan die karakter en kwaliteit daarvan wees? In watter opsig gaan dit ons eie lewe en die lewe van mense om ons verander en beïnvloed. *Binne ’n gereformeerde wêreld was daar nog altyd die aandrang dat ons geloof ons onder andere daartoe moet bring om van die wêreld om ons ’n beter te plek te maak. Wêreldontvlugting was nog nooit ’n opsie nie.* Terwyl ’n missionale teologie wyd verkondig word en sekere gemeentes beslis die boodskap aktief implementeer, is daar nog te veel gelowiges wat in hul gemeentes ’n na-binnegekeerde geloofsbestaan voer. Dit is ons diep oortuiging dat die kerk haarself ’n ontledende en uitklarende gesprek oor haar geloof skuld. Dalk sou dit ons help om nie by ons dogmatologie te begin nie, maar wel by die aard van ons doksologie.

Wat sou die groter sistemiese oplossing wees?

Om hier van ’n “sistemiese” oplossing te praat klink eintlik nie reg nie, omdat ons hier nie van ’n sisteem of ’n ander organisatoriese werklikheid praat nie. Ons praat oor dit wat ware, misterieuse en lewegewende geloof voed.

Ons diepste verstaan van geloof as gereformeerdes is dat geloof ’n *gawe van God* is. Terwyl God dinge soos prediking en toerusting kan gebruik om geloof in mense te laat groei, bly die ware ontmoetingsgebeure met God self ’n misterie en dikwels onverklaarbaar. Dit is dus ’n gawe van God, maar dit is ons beskeie mening dat die kerk te min van haar *priesterlike funksie* verstaan en te min dink oor watter ruimtes ons wel kan skep waar hierdie ontmoetingsgebeure kan plaasvind. Dit raak ons liturgiese ruimtes, liturgie, musiek en eredienste, ons samesyn as geloofsgemeenskap, ons pastoraat, uitreikaksies en veel meer.

Dit is ook ons oortuiging dat die *werk van die Heilige Gees in ons eie midde onderwaardeer* word. ’n Fokus op die Gees beteken nie ‘n privaat ontvlugting uit die wêreld nie, maar *ons glo dat die Gees juis ons oë open vir die wêreld en ons met nuwe sensitiwiteit, wysheid en insig vul.* Daarby is die Skrif duidelik dat daar in die Gees ook ’n krag opgesluit lê wat tot ons

beskikking is en in ons midde wil werk (Efesiërs 1:19-20). Ons pleit nie vir ’n ander beskouing as wat in die gereformeerde tradisie gehandhaaf word nie, maar bid dat ons leer oor die Gees veel ernstiger geneem sal word.

Dieselfde geld ook vir die *rol wat gebed* in ons eie lewe speel en in die lewe van ons gemeentes behoort te speel. Dit loop soos ’n refrein deur die geskiedenis. Groot herlewings wat ook samelewings kragdadig hervorm en verander het, het altyd gepaard gegaan met groot gebedsbewings. Gaan lees maar net die geskiedenis oor die onstaan van die Pinksterbeweging in die NG Kerk en die groot Walliese herlewing van 1904 en 1905.

Ware geloof mond ook altyd uit in *’n nuwe waardestelsel*. Ons gemeenskappe is besig om in morele moerasse te verander. Meer en meer stemme gaan op dat ons êrens ’n weg moet vind om die morele herstel van ons samelewing weer op koers te bring

Een van die basiese boustene van ’n gemeenskap bly ons *gesinne*. Die Bybel is hieroor glashelder. As mense dus vra waarom die land lyk soos dit lyk, tree ’n moontlike antwoord na vore: Dit is omdat ons gesinne en families lyk soos dit lyk. Hierdie is ’n massiewe uitdaging met navorsing wat daarop wys dat ongeveer 60% van alle kinders wat in Suid-Afrika gebore word, nie meer ’n pa se naam op hul geboortesertifikaat het nie.

Wat kan ek en jy en die plaaslike gemeente prakties doen om ons deel by te dra?

Eintlik het ons die vraag alreeds in bostaande paragrawe begin beantwoord.

Die verdieping van ’n samelewing en ’n kerk se geloof **begin by my en jou**. ’n Land glo nie en ’n kerk glo nie. Individue glo. Ons kan nie meer van die sameleweing verwag as wat jyself bereid is om by te dra nie.

Basiese beginsels en dissiplines van dissipelskap behoort deel van my en jou se alledaagse bestaan uit te maak. Ons lys net ’n paar:

- *Ware geloof kan moeilik groei voor ons nie die genade van Christus verstaan nie. Dit bly genade om die genade te verstaan. Geloof maak ons dus nie beter as ander nie, maar behoort ons te vul met diepe dankbaarheid wat ons anders laat lewe.*
- Daaglikse omgang met die Woord en gebed.
- ’n Luister na God, mekaar en die wêreld. Relevante geloof verstaan die konteks waarin ons leef beter.
- Stel jouself bloot aan nood en armoede, ook geestelike armoede.
- Lees
- Maak ’n verbintenis tot gehoorsaamheid en diens.
- Bid om die werking van die Heilige Gees in jou lewe.

- Spandeer genoeg tyd met gelowiges wat jou kan inspireer en mentor.
- Lewe ’n lewe van dankbaarheid en aanbidding.
- Leer opnuut getuig!

Augustinus was reg. In elke mens se lewe is daar ’n gat wat net God kan vul. Ons gaan ook nie die gate in ons samelewing op ander maniere vul nie. ’n Vernuwing in ons geloof gaan nie beteken dat ons ophou dink oor die politiek, die ekonomie en mekaar nie. Dit gaan beteken dat ons anders oor hierdie sake gaan begin dink. Dit gaan nie beteken dat ons nie meer bang gaan wees vir die toekoms nie, maar gaan beteken dat ons nie sonder hoop sal wees nie en beslis minder angstig sal wees. ’n Verdieping in geloof gaan nie altyd beteken dat ons meer sekerhede gaan hê nie, maar gaan beslis beteken dat ons ander vrae gaan vra. Dit gaan nie ons uitdagings wegneem nie, maar kan ons beslis met meer vrede en vertroue laat leef. Dit sal ons nie laat ophou dink oor die toekoms nie, maar opnuut laat besef dat Jesus Christus alreeds deel van ons toekoms is.

Tektse om oor na te dink:

2 Tim. 3:5:

Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie.

Amos 5:21-24:

Ek haat, Ek verafsku julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie.

Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie.

Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie!

Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ’n standhoudende stroom.